Pretoria 17 Mei 2015

Skriflesing: Miga 6
Kategismus **Sondag 5 (V/A 11-15)**
Teks: Miga 6:6
Sing- Ps. 138:4; Ps. 68:2; Ps. 147:1,4

Miga 6

Mic 6:1 Hoor tog wat die HERE sê: Staan op, twis in teenwoordigheid van die berge, en laat die heuwels na jou stem luister!
Mic 6:2 Hoor, berge, die twis van die HERE! En onwankelbares, grondslae van die aarde! Want die HERE het ‘n twis met sy volk en sal met Israel ‘n regsgeding hou.
Mic 6:3 My volk, wat het Ek jou aangedoen, en waarmee het Ek jou vermoei? Antwoord My!
Mic 6:4 Ja, Ek het jou uit Egipteland laat optrek en jou uit die slawehuis losgekoop, en Ek het voor jou uit gestuur Moses, Aäron en Mirjam.
Mic 6:5 My volk, dink tog aan wat Balak, die koning van Moab, beraadslaag het, en wat Bíleam, die seun van Beor, hom geantwoord het, en wat gebeur het van Sittim af tot by Gilgal, sodat jy kennis kan dra van die regverdige dade van die HERE.
Mic 6:6 Waarmee sal ek die HERE tegemoetgaan en my buig voor die hoë God? Sal ek Hom tegemoetgaan met brandoffers, met jaaroud kalwers?
Mic 6:7 Sal die HERE ‘n welbehae hê in duisende ramme en tien duisende strome van olie? Sal ek my eersgeborene gee vir my oortreding, die vrug van my liggaam vir die sonde van my siel?
Mic 6:8 Hy het jou bekend gemaak, o mens, wat goed is; en wat vra die HERE van jou anders as om reg te doen en liefde te betrag en ootmoedig te wandel met jou God?
Mic 6:9 Die stem van die HERE roep tot die stad—dit is heilsaam om u Naam te vrees—:Hoor die roede, en wie dit bestel het.
Mic 6:10 Is daar nog altyd in die huis van die goddelose skatte van onreg en ‘n skrale efa wat vervloek is?
Mic 6:11 Sal Ek rein kan wees by ‘n valse weegskaal en by ‘n sak vol bedrieglike gewigte?
Mic 6:12 Want die rykes in die stad is vol geweld, en die inwoners daarvan spreek leuentaal, en hulle tong is bedrog in hulle mond.
Mic 6:13 So slaan Ek jou dan ook met ‘n smartlike wond, met verwoesting weens jou sondes.
Mic 6:14 Jy sal eet, maar nie versadig word nie, sodat jou honger in jou binneste bly; en jy sal wegbring sonder om iets te red; en wat jy red, sal Ek aan die swaard oorgee.
Mic 6:15 Jy sal saai, maar nie maai nie; jy sal olywe uittrap, maar jou nie met olie salf nie, en mos maak, maar geen wyn drink nie.
Mic 6:16 Want die insettinge van Omri word onderhou en al die werke van die huis van Agab; en julle wandel ooreenkomstig hulle planne, sodat Ek jou tot ‘n woesteny sou maak en die inwoners daarvan ‘n bespotting: en die smaad van my volk sal julle dra.

Die tweede deel: Die verlossing van die mens (Sondag 5-31)
Hoe die mens verlos kan word (Sondag 5-8)
Sondag 5
11 *Vraag*: Is God dan nie ook barmhartig nie?
Antwoord: God is wel barmhartig (a); maar Hy is ook regverdig (b). Daarom eis sy geregtigheid dat die sonde wat teen die allerhoogste majesteit van God gedoen is; ook met die swaarste straf gestraf moet word - dit is met die ewige straf aan liggaam en siel.
(a) Eks 34:6, 7; 20:6. (b) Ps 7:10; Eks 20:5; 23:7; 34:7; Ps 5:5, 6; Nah 1:2, 3.
12 *Vraag*: Aangesien ons volgens die regverdige oordeel van God die tydelike en ewige straf verdien het, hoe kan ons van hierdie straf bevry en weer in genade aangeneem word?
Antwoord: God wil dat daar aan sy geregtigheid voldoen word (a). Daarom moet ons òf deur onsself òf deur 'n ander ten volle betaal (b).
(a) Gen 2:17; Eks 23:7; Eseg 18:4; Matt 5:26; 2 Tess 1:6; Luk 16:2. (b) Rom 8:4.
13 *Vraag*: Kan ons deur onsself betaal?
Antwoord: Nee, glad nie; ons maak juis ons skuld elke dag nog groter (a).
(a) Job 9:2; 15:15, 16; 4:18, 19; Ps 130:3; Matt 6:12; 18:25; 16:26.
14 *Vraag*: Kan enige ander skepsel vir ons betaal?
Antwoord: Nee, want ten eerste wil God aan geen ander skepsel die skuld straf wat die mens gemaak het nie (a). Ten tweede kan geen gewone skepsel die las van die ewige toorn van God teen die sonde dra en ander skepsels daarvan verlos nie (b).
(a) Eseg 18:4; Gen 3:17. (b) Nah 1:6; Ps 130:3.

Pretoria 17 Mei 2015

15 *Vraag*: Hoe 'n middelaar en verlosser moet ons dan soek?
Antwoord: So een wat 'n ware (a) en regverdige (b) mens is, maar nogtans ook sterker as alle skepsels is, dit wil sê wat terselfdertyd ware God is (c).
(a) 1 Kor 15:21: (b) Heb 7:26. (c) Jes 7:14; 9:5; Jer 23:6; Luk 11:22.

Skriflesing: Miga 6
Kategismus **Sondag 5 (V/A 11-15)**
Teks: Miga 6:6
Sing- Ps. 138:4; Ps. 68:2; Ps. 147:1,4

Hier vind ’n oorgang in die Kategismus plaas. Broeder en suster, ons het vir vier Sondae skerp en kragtig ons ellende gehoor. Dit is eintlik net effektiewelik 3 Sondae wat aan ons ellende gewy is want Sondag 1 is in alle geval ’n inleiding nie net op ons ellende nie, maar dit is ’n inleiding op die hele Kategismus. Dit vra dan ook hoe die Kategismus ingedeel is? Ja, Sondag 1 gee ons alreeds die grootste troos wat daar kan wees n.a.v. die heel eerste vraag- **Wat is jou enigste troos in lewe en in sterwe?** Ons sou ook die vraag kon stel wat gee jou ware sekerheid, wat maak dat daar vertroue in jou kan wees? Sondag 2-4 is baie duidelik die deel wat ons ons ellende stukkie vir stukkie, dieper en dieper oopsny. Dit staan buite alle twyfel hoe hierdie 3 Sondae, net 3 Sondae daarin slaag om ons ellende ten volle na vore te bring.

***

Sondag 5 tot Sondag 31, dit is ’n baie groot deel van die Kategismus, ja die grootste deel handel oor ons verlossing. Ons kan hierdie 27 Sondae wat oor ons verlossing handel nog duideliker indeel- Sondag 5- Sondag 24 kom ons verlossing en die Twaalf Artikels as inhoud van ons geloof in hoofsaak aan die orde. Sondag 25-Sondag 30 handel oor ons verlossing en die heilige sakramente, as versterking van ons geloof. Sondag 31 handel oor ons verlossing en die sleutels van die hemelryk. Ja, in ’n sekere sin kan ons sê Sondag 31 handel oor ons beskerming van ons geloof. Of ons oor die inhoud van ons geloof handel, oor die versterking van ons geloof, of oor die beskerming van ons geloof, in alles staan die verlossing van Jesus Christus sentraal. Daar kan geen deeltjie wees wat los van Jesus Christus staan nie. Alleen dit wat aan Jesus Christus gebind is, kan vir ons tot troos wees. Dit wil die Kategismus in Sondag 5 alreeds wees.

***

’n Troos wat geen gelyke ken nie, maar tog is die vraag nie besig om soetsappig rondom God se troos te handel nie. Waar dit oor ellende en skuld en straf moes handel, dit wat in die vorige Sondae duidelik uitgekom het, hoe ons mense is, van nature tot haat geneig, tot alle boosheid geneig, niks goed wat ons in onsself kan aanbied nie, is vraag 12 heel realisties as daar gevra word- **Aangesien ons volgens die regverdige oordeel van God die tydelike en**

ewige straf verdien het, hoe kan ons van hierdie straf bevry en weer in genade aangeneem word?

***

Ons kan hierdie baie belangrik indringende vraag dalk ook bietjie anders inkleur. Daarmee staan Miga 6 in lyn, as Miga die vraag stel- WAARMEE SAL EK DIE HERE TEGEMOETGAAN? Vanuit Miga kom dit duidelik God is baie ernstig oor die sonde. God is ook baie ernstig daaroor dat sonde gestraf moet word. Daarom dat Miga God openbaar in sy twis met die mens. God is ’n God wat nie vrede sluit/vrede maak met wat sonde is nie. Dit maak God se toorn wakker. God twis oor die sonde. Vir die swakke mens om voor God te kom waar God se toorn iets verskriklik is, kan geen mens voor God staande bly nie. Die vraag hoe ek die Here tegemoet kan gaan, loop hand aan hand met die vraag hoe kan die toorn van God afgewend word. Kan ons in ons sonde verlorenheid onder die skroeiende toorn van God uitkom?

***

Broeder en suster, in Miga gaan dit ook baie duidelik om God se geregtigheid. Ons lees in vers 8- ***8*** *Hy het jou bekend gemaak, o mens, wat goed is; en wat vra die HERE van jou anders as om reg te doen en liefde te betrag en ootmoedig te wandel met jou God?* Israel het in die tyd van Miga alles behalwe hieraan voldoen. Toe Jotam gesterf het toe het Juda ’n baie sterk koning broodnodig gehad. Efraim en Sirië was in bondgenootskap om Juda swaar te laat kry. Die groot leier van die Assiriese ryk was die groot veroweraar Tiglat-Pileser.

Hierdie wêreldleier het vir Juda krisisjare gebring. Israel het ’n sterk koning so nodig gehad maar wat kry hulle toe hulle koning Jotam sterf, in sy plek kom sy seun Agas, wat nog nie eers 20 jaar was toe hy koning geword het nie, maar dit was werklik die swakste van baie swak konings wat daar in Israel was. In sy tyd was daar ’n al hoe groter smagting na wat reg is, ja Agas was eintlik die eerste werklike goddelose koning wat die troon van Dawid bestyg het. Hy het geen respek vir God gehad nie, heeltemal ruggraatloos het hy hom deur die heidense afgodediens laat meevoer.

Hy het die Baäls aanbid, ja het hy geglo hulle sorg vir die koring en die vee. Van hom lees ons ook in die Bybel – *Hy het ook geoffer en rook laat opgaan op die hoogtes en op die heuwels en onder elke groen boom...* Hy was die eerste koning wat dit gewaag het om gegote beelde van die Baäls te maak. Die verskrikkinge in sy tyd het net verder en verder gegaan.

Daar was lank in die geskiedenis van Israel die afgod bekend wat Molog genoem is. Aan hierdie afgod was die praktyk dat daar kinders aan die god geoffer moet word. Agas het sy eie seuntjie tot as laat verbrand ter ere van hierdie Molog. Vir 16 jaar het hy met hierdie gruwelike praktyke van hom voortgegaan.

In ’n tyd soos hierdie word die vraag- WAARMEE SAL EK DIE HERE TEGEMOETGAAN, ’n baie dringende vraag. In die tyd van Agas het God met die mens getwis en bly twis. God sal die sonde nie ongestraf laat bly nie. Dit laat Sondag 5 ons ook baie goed verstaan. In die tyd toe Agas op die troon gekom het, was Israel in baie opsigte baie voorspoedig. Daar was sterk vestings, die land was welvarend. Tog het die buitelandse druk in die tyd van hierdie goddelose koning die lewe in Israel al meer vergal . Selfs die noordelike ryk, hulle broervolk trek teen hulle op, en het daar 120 000 van Israel se soldate gesterf. 200 000 vrouens en kinders is gevang en ontvoer. Almal het op Israel toegesak, ook die Filistyne en die Edomiete het op die volk toegesak en geaas wat daar geaas kan word. Ja, Juda verloor byna alles dat daar eintlik amper niks goed vir hulle oorgebly het nie.

Wanneer dit met ’n land net slegter en slegter gaan, ons eie land kan seker as goeie voorbeeld dien, dan is dit tyd om Sondag 5 mooi na te kyk. Agas se geskiedenis is so ’n duidelike voorbeeld dat God laat die sonde nie ongestraf bly nie. God is ’n God wat aanspraak maak op sy reg. Aan God se geregtigheid moet voldoen word. V/A 12 wys dat daar sal betaal moet word. Vir sonde sal daar betaal word. Vroeër of later.

Dalk was dit vir ons ’n skok al die gruwels wat Agas gedoen, kinderoffers en so meer, maar besef ons vanuit onsself is ons niks beter as hierdie koning met die gruwels wat hom omring nie. Niemand wat kan sê ek is ’n beter mens as hy nie. Ons staan so baie keer verslae oor dinge wat verkeerd is in die wêreld. Wanneer ek ’n tweede maal daarna kyk dan kom dit so tot ’n skok my lewe in. Ek staan net so skuldig soos die skuldiges. Niks is daar wat ek kan aanbied om myself te verskoon nie. Hoor hoe het Miga hierdie worsteling voor die Here verwoord- luister weer mooi hierna- ***6*** *Waarmee sal ek die HERE tegemoetgaan en my buig voor die hoë God? Sal ek Hom tegemoetgaan met brandoffers, met jaaroud kalwers?* ***7*** *Sal die HERE ‘n welbehae hê in duisende ramme en tien duisende strome van olie? Sal ek my eersgeborene gee vir my oortreding, die vrug van my liggaam vir die sonde van my siel?*

Israel by monde van hulle profeet Miga staan gekonfronteer met wat ons kan noem die harde werklikheid van God se geregtigheid. Geen mens kan daarbý verbykom nie. Mense sal in sulke omstandighede ook altyd probeer die harde werklikheid van God se straf of sagter probeer maak, of skielik word die mense meer godsdiensbewus. So was dit Israel toe die harde slae hulle tref, toe wil hulle desperaat God se straf probeer afwerk. Hulle offer dat dit bars. Mens kan eintlik in jou geestesoog sien hoe daar van elke hoogte en koppie en berg rokies begin draai. God moet tog net raaksien hoe hard ons nou probeer om weer sy guns te wen. Dit bly 'n vraag wat bly staan: *Sal ek Hom tegemoetgaan met brandoffers, met jaaroud kalwers? **7** Sal die HERE 'n welbehae hê in duisende ramme en tien duisende strome van olie? Sal ek my eersgeborene gee vir my oortreding, die vrug van my liggaam vir die sonde van my siel?*

Ander offer weer alles behalwe God, hulle offer vir hulle gode. Dit sluit dan selfs hulle kinders in, wat 'n gruwel is om te dink God sal sy toorn laat afwend deur kinderoffers. Oor sulke sonde kan ons maar die woorde van die Kategismus aanhaal- God vertoorn Hom verskriklik oor die sonde met 'n tydelike en ewige straf. Die tydelike oordeel van God is iets wat ons nou reeds hier waar ons is, moet raaksien. V/A 13 wys hoe mense altyd sal probeer om te dink die Here kan hulle vergoed as hulle net goeddoen. Ek kan iets by die Here verdien. Saul het so gedink, ook hierdie mense rondom Miga dink so, dink ook aan die Baälsprofete wat gedink het as hulle hulself stukkend sny dan sal hulle god se houding teenoor hulle verander.

V/A 13 en 14 laat ons dit vandag goed verstaan. Ons kan nie self betaal nie, niks anders wat hier op aarde is, 'n dier of 'n ander gewone mens wat dink hy/sy is wel 'n beter mens kan vir ons betaal nie. Ons staan voor die feit dat hoe meer ek dink om te betaal hoe groter maak ek eintlik my sonde. Die sonde sit in ons bloed. Dit is eintlik maar waar dit alles op neerkom. Die gelykenis van die Fariseër en die tollenaar is hier ook in elke opsig van toepassing. Luk. 18:10-13 ***10*** *Twee manne het na die tempel opgegaan om te bid, die een 'n Fariseër en die ander 'n tollenaar.* ***11*** *En die Fariseër het gaan staan en by homself so gebid: o God, ek dank U dat ek nie soos die ander mense is nie—rowers, onregverdiges, egbrekers, of ook soos hierdie tollenaar nie.* ***12*** *Ek vas twee keer in die week, ek gee tiendes van alles wat ek verkry.* ***13*** *En die tollenaar het ver weg gestaan en wou selfs nie sy oë na die hemel ophef nie, maar het op sy bors geslaan en gesê: o God, wees my, sondaar, genadig...*

Al wat ons eintlik kan sê na ’n Sondag soos wat ons belydenis vandag ons geleer het- *o God, wees my, sondaar, genadig...* Hier staan drie dinge... God en ek en kan daar genade wees, kan daar versoening wees... Ja, dit gaan om die vraag- kan daar tussen my en God waar ek werklik die ewige straf verdien, kan daar werklik GENADE wees?

Nou het V/A 15 eintlik iets van ’n gryp na meer. Ekself kan nie betaal nie, net so min kan enige geskape mens / dier hier na vore kom, tog is die gryp na meer nie maar ’n gryp na ’n strooihalm nie. Die Sondag sluit af met die gedagte maar as daar dan ’n middelaar kan wees, hoe moet Hy wees. Nog voor ons kan sê Wie Hy is, is die vraag hoe moet Hy wees?! Hy moet ’n ware mens wees, hy moet regverdige mens wees, hy moet geen skuld voor God hê nie, maar Hy moet ook sterker wees as enige ander skepsel wat daar nog ooit was. Hy moet meer wees as net ’n skepping van God. Wat ons belydenis dan eintlik baie duidelik stel is dat Hy, so ’n Middelaar sal Self ook God moet wees. Dit hanteer Sondag 6 dan in die nog fyner detail.

Wat ons uit die boek van Miga mee kan afsluit is dit wat in vers 8 staan- As jy werklik ’n weg uit jou ellende wil probeer vind is daar net één weg- Jy moet jou na die Here wend...Dit is die enigste antwoord wat die mens kan gee as daar gevra word- WAARMEE SAL EK DIE HERE TEGEMOETGAAN... Ek kan die Here net met die Here tegemoetgaan. Dit is hoe ons op die einde hierdie worsteling in die Kategismus kan vooruitloop, maar laat ons dit nie vooruitloop nie. Daar is nog baie wat uitgemaak en mee geworstel moet word, voor ons by so ’n antwoord sal kan kom. Daarmee is Sondag 6 hard aan die worstel.

AMEN